# Microsoft License Terms

**Laas bygewerk in Desember 2016**

**MICROSOFT-SAGTEWARE-LISENSIEBEPALINGS**

**WINDOWS-BEDRYFSTELSEL**

---

**INDIEN U WOONADRES (OF U HOOF- SAKEADRES) IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IS, LEES ASSEBLIEF DIE BINDENDE ARBITRASIEKLOUSULE EN KLASAKSIE-KWYTSKELDING IN AFDELING 10. DIT BEÏNVLOED DIE BESLEGTING VAN DISPUTE.**

**Dankie dat u Microsoft gekies het!**

Afhangend van hoe u die Windows-sagteware bekom het, geld hierdie lisensie-ooreenkoms tussen (i) u en die toestelvervaardiger of sagteware-installeerder wat die sagteware saam met u toestel versprei; of (ii) u en Microsoft Corporation (of een van sy geaffilieerde maatskappye, afhangend van waar u woon of, in die geval van 'n sakeonderneming, waar die hoof- sakeadres is) indien u die sagteware by 'n kleinhandelaar gekoop het. Microsoft is die toestelvervaardiger vir toestelle wat deur Microsoft of een van sy geaffilieerde maatskappye vervaardig is, en Microsoft is die kleinhandelaar indien u die sagteware by Microsoft self gekoop het.

Hierdie ooreenkoms omskryf u regte en die voorwaardes waarvolgens u die Windows-sagteware mag gebruik. U moet die hele ooreenkoms nagaan, insluitend enige aanvullende lisensiebepalings wat by die sagteware ingesluit is, asook enige gekoppelde bepalings, aangesien al die bepalings belangrik is en saam hierdie ooreenkoms vorm wat vir u geld. U kan gekoppelde bepalings nagaan deur die (aka.ms/)-skakel daarheen in 'n blaaierskerm te plak.

**Deur hierdie ooreenkoms te aanvaar of deur die sagteware te gebruik, stem u in tot al hierdie bepalings en verleen u toestemming vir die versending van sekere inligting tydens aktivering en tydens u gebruik van die sagteware ingevolge die privaatheidsverklaring wat in Afdeling 3 omskryf word. Indien u nie hierdie bepalings aanvaar en nakom nie, mag u nie die sagteware of die kenmerke daarvan gebruik nie.** U kan die toestelvervaardiger of -installeerder, of u kleinhandelaar indien u die sagteware self gekoop het, kontak om te hoor wat hul terughandigingsbeleid is, en om die sagteware of toestel ingevolge daardie beleid terug te handig vir 'n terugbetaling of vir krediet. U moet daardie beleid nakom, wat moontlik kan behels dat u die sagteware saam met die hele toestel waarop dit geïnstalleer is, moet teruggee vir terugbetaling of krediet, indien enige.

**1. Oorsig.**

a. **Geldigheid.** Hierdie ooreenkoms geld vir die Windows-sagteware wat vooraf op u toestel geïnstalleer is, of wat u by 'n kleinhandelaar gekoop en geïnstalleer het, die media waarop u die sagteware ontvang het (indien enige), enige lettertipes, ikone, afbeeldings of klanklêers wat by die sagteware ingesluit is, asook enige Microsoft-bywerkings, -opgraderings, -aanvullings of dienste vir die sagteware, tensy ander bepalings vir hulle geld. Dit geld ook vir Windows-toepassings wat funksies soos pos, kontakte, musiek en foto's verskaf wat deur Microsoft ontwikkel is, wat by Windows

ingesluit word en deel daarvan vorm. Indien hierdie ooreenkoms bepalings bevat aangaande ʼn kenmerk of diens wat nie op u toestel beskikbaar is nie, geld daardie bepalings nie.

b. **Bykomende bepalings.** Afhangende van u toestel se vermoëns, hoe dit gekonfigureer is en hoe u dit gebruik, mag bykomende Microsoft- en derdepartybepalings vir u gebruik van sekere kenmerke, dienste en toepassings geld. Maak asseblief seker dat u dit lees.

(i) Party Windows-toepassings lewer ʼn toegangspunt tot, of maak staat op, aanlyn dienste; die gebruik van sulke dienste word partykeer gereël volgens aparte bepalings en privaatheidsbeleide, byvoorbeeld die Microsoft-diensooreenkoms by (aka.ms/msa). U kan hierdie bepalings en beleide besigtig deur die diensgebruiksbepalings of die toepassing se instellings te raadpleeg, soos van toepassing. Die dienste is moontlik nie in al die streke beskikbaar nie.

(ii) Microsoft, die vervaardiger of installeerder kan bykomende toepassings insluit wat aan aparte lisensiebepalings en privaatheidsbeleide onderhewig sal wees.

(iii) Die sagteware sluit Adobe Flash Player in wat ingevolge bepalings van Adobe Systems Incorporated by (aka.ms/adobeflash) gelisensieer is. Adobe en Flash is geregistreerde handelsmerke of handelsmerke van Adobe Systems Incorporated in die Verenigde State van Amerika en/of ander lande.

(iv) Die sagteware kan moontlik derdepartyprogramme insluit wat ingevolge hierdie ooreenkoms, of ingevolge hul eie bepalings, aan u gelisensieer is. Lisensiebepalings, -kennisgewings en -erkennings, indien enige, vir die derdepartyprogramme kan by (aka.ms/thirdpartynotices) besigtig word.

(v) Tot die mate waarin dit by Windows ingesluit is, is Word, Excel, PowerPoint en OneNote vir u persoonlike, niekommersiële gebruik gelisensieer, tensy u regte vir kommersiële gebruik ingevolge ʼn aparte ooreenkoms het.

**2. Installasie en gebruiksregte.**

a. **Lisensie.** Die sagteware word gelisensieer, nie verkoop nie. Ons gee u ingevolge hierdie ooreenkoms die reg om een kopie van die sagteware op u toestel (die gelisensieerde toestel) te installeer en gebruik, vir gebruik deur een persoon op ʼn slag, mits u al die bepalings van hierdie ooreenkoms nakom. Om onegte sagteware met sagteware van Microsoft of gemagtigde bronne by te werk of op te gradeer, maak nie u oorspronklike weergawe of die bygewerkte/opgegradeerde weergawe eg nie, en in daardie situasie het u nie ʼn lisensie om die sagteware te gebruik nie.

b. **Toestel.** In hierdie ooreenkoms beteken „toestel” ʼn hardewarestelsel (hetsy fisies of virtueel) met ʼn interne bergingtoestel wat in staat is om die sagteware te gebruik. ʼn Hardeware-verdeling of bladskyf word as ʼn toestel beskou.

c. **Beperkings.** Die vervaardiger of installeerder en Microsoft behou alle regte voor (byvoorbeeld regte ingevolge wette op intellektuele eiendom) wat nie uitdruklik in

hierdie ooreenkoms verleen word nie. Byvoorbeeld, hierdie lisensie gee u nie enige reg om die volgende te doen nie, en u mag nie:

(i) kenmerke van die sagteware afsonderlik gebruik of virtualiseer nie;

(ii) die sagteware publiseer, kopieer (behalwe die toegelate rugsteunkopie), huur, verhuur of uitleen nie;

(iii) die sagteware oordra nie (behalwe waar hierdie ooreenkoms dit toelaat);

(iv) enige tegniese beperkings of begrensings in die sagteware omseil nie;

(v) die sagteware as bedienersagteware, vir kommersiële gasheerdienste of vir gelyktydige gebruik deur verskeie gebruikers op 'n netwerk beskikbaar stel nie, die sagteware op 'n bediener installeer en gebruikers toelaat om oor 'n afstand toegang daartoe te verkry nie, of die sagteware op 'n toestel installeer vir uitsluitlike gebruik deur gebruikers oor 'n afstand nie;

(vi) die sagteware se ontwerp ontrafel, ontleed of uitmekaarhaal, of probeer om dit te doen nie, behalwe en slegs in die mate wat die voorafgaande beperking (a) deur toepaslike wetgewing toegelaat word; (b) deur lisensiebepalings toegelaat word wat die gebruik van oopbronkomponente reguleer wat by die sagteware ingesluit kan wees; of (c) benodig word om veranderinge aan enige biblioteke te ontfout wat by die sagteware ingesluit is en daaraan geskakel is, wat kragtens die GNU Lesser General Public License gelisensieer is; en

(vii) wanneer u internet-gebaseerde kenmerke gebruik, mag u nie daardie kenmerke op enige manier gebruik wat met enigiemand anders se gebruik daarvan kan inmeng nie, of probeer om op 'n ongemagtigde manier toegang te verkry tot enige diens, data, rekening of netwerk, of om dit te gebruik nie.

**d. Multigebruikscenario's.**

(i) **Veelvuldige weergawes.** Indien u veelvuldige weergawes (byvoorbeeld 32-bis- en 64-bis-weergawes) ontvang het toe u die sagteware aangeskaf het, mag u slegs een van daardie weergawes op 'n slag installeer en aktiveer.

(ii) **Veelvuldige of poelverbindings.** Hardeware of sagteware wat gebruik word om verbindings te multipleks, saam te poel of om die aantal toestelle of gebruikers wat toegang tot die sagteware het of wat dit gebruik te verminder, verminder nie die hoeveelheid lisensies wat u benodig nie. U mag slegs sulke hardeware of sagteware gebruik indien u afsonderlike lisensies het vir die sagteware wat u gebruik.

(iii) **Toestelverbindings.** U mag tot 20 ander toestelle toelaat om toegang tot die sagteware op die gelisensieerde toestel te kry om die volgende sagtewarekenmerke te gebruik: lêerdienste, drukdienste, internetinligtingsdienste en die deel van internetverbindings en telefoondienste op die gelisensieerde toestel. U mag enige getal toestelle toelaat om toegang tot die sagteware op die gelisensieerde toestel te kry om data tussen toestelle te sinchroniseer. Hierdie

afdeling beteken egter nie dat u die reg het om die sagteware op enige van hierdie ander toestelle te installeer of om die hoofdoel van die sagteware (buiten die kenmerke wat in hierdie afdeling gelys word) daarop te gebruik nie.

(iv) **Gebruik in ʻn gevirtualiseerde omgewing.** Hierdie lisensie laat u toe om die sagteware slegs op een toestel te installeer, ongeag of daardie toestel fisies of virtueel is. Indien u die sagteware op meer as een virtuele toestel wil gebruik, moet u afsonderlike lisensies vir elke toestel kry.

(v) **Afstandstoegang.** U mag elke 90 dae (nie meer dikwels as dit nie) ʻn enkele gebruiker aanwys wat die gelisensieerde toestel fisies as die gelisensieerde gebruiker gebruik. Die gelisensieerde gebruiker mag die gelisensieerde toestel met behulp van afstandstoegangtegnologie van ʻn ander toestel af gebruik. Ander gebruikers mag op verskillende tye met behulp van afstandstoegangtegnologie toegang tot die gelisensieerde toestel verkry, maar slegs op toestelle wat afsonderlik gelisensieer is om dieselfde of ʻn jonger weergawe van hierdie sagteware te gebruik.

(vi) **Afstandsbystand.** U mag afstandsbystandtegnologie gebruik om ʻn aktiewe sessie te deel sonder om enige bykomende lisensies vir die sagteware te verkry. Afstandsbystand laat een gebruiker toe om direk aan ʻn ander gebruiker se rekenaar te verbind, gewoonlik om probleme reg te stel.

**e.** **Rugsteunkopie.** U mag een kopie van die sagteware vir rugsteundoeleindes maak en u mag ook daardie rugsteunkopie gebruik om die sagteware oor te dra as dit as afsonderlike sagteware, soos in Afdeling 4 hier onder omskryf, aangeskaf is.

**3.** **Privaatheid; Toestemming vir Datagebruik.** U privaatheid is vir ons belangrik. Party van die sagteware se kenmerke stuur of ontvang inligting wanneer u daardie kenmerke gebruik. Baie van hierdie kenmerke kan in die gebruikerskoppelvlak afgeskakel word, of u kan besluit om dit nie te gebruik nie. Deur hierdie ooreenkoms te aanvaar en die sagteware te gebruik, stem u in dat Microsoft inligting kan insamel, gebruik en bekend maak soos in die Microsoft-privaatheidsverklaring by (aka.ms/privacy) omskryf word, en wat verder toegelig word deur die gebruikerskoppelvlak wat met die sagteware se kenmerke gepaardgaan.

**4.** **Oordrag.** Die bepalings in hierdie afdeling geld nie indien u die sagteware as verbruiker in Duitsland aangeskaf het nie, of in enige van die lande wat op hierdie werf gelys word (aka.ms/transfer), in welke geval enige oordrag van die sagteware aan ʻn derde party, en die reg om dit te gebruik, aan die toepaslike wetgewing moet voldoen.

**a.** **Sagteware wat vooraf op toestel geïnstalleer is.** Indien die sagteware vooraf op ʻn toestel geïnstalleer was toe u dit aangeskaf het (en ook indien u opgegradeer het van sagteware wat vooraf op ʻn toestel geïnstalleer was), kan u die lisensie om die sagteware te gebruik slegs saam met die gelisensieerde toestel direk na ʻn ander gebruiker oordra. Die oordrag moet die sagteware insluit en, indien dit saam met die toestel verskaf word, ook ʻn egte Windows-etiket met die produksleutel hê. Die ander party moet vóór enige toegelate oordrag instem dat hierdie ooreenkoms vir die oordrag en gebruik van die sagteware geld.

b. **Afsonderlike sagteware.** Indien die sagteware as afsonderlike sagteware aangeskaf is (en ook indien u opgegradeer het van sagteware wat u as afsonderlike sagteware verkry het), kan u die sagteware na 'n ander toestel oordra wat aan u behoort. U kan die sagteware ook oordra na 'n toestel wat aan iemand anders behoort, mits (i) u die eerste gelisensieerde gebruiker van die sagteware is en (ii) die nuwe gebruiker tot die bepalings van hierdie ooreenkoms instem. U kan die toegelate rugsteunkopie of die media waarop die sagteware uitgereik is, gebruik om die sagteware oor te dra. U moet die sagteware elke keer van die vorige toestel verwyder indien u dit na 'n nuwe toestel oordra. U mag nie die sagteware oordra om lisensies tussen toestelle te deel nie.

5. **Gemagtigde Sagteware en Aktivering.** U word slegs toegelaat om hierdie sagteware te gebruik indien u behoorlik gelisensieer is en die sagteware behoorlik met 'n egte produksleutel of 'n ander gemagtigde metode geaktiveer is. Wanneer u aan die internet koppel terwyl u die sagteware gebruik, sal die sagteware Microsoft of sy geaffilieerde maatskappy outomaties kontak om aktivering uit te voer om dit met 'n spesifieke toestel te assosieer. U kan ook die sagteware per hand deur die internet of per telefoon aktiveer. Oordrag van sekere inligting sal in ieder geval plaasvind; internet-, telefoon- en SMS-diensfooie kan moontlik geld. Tydens aktivering (of heraktivering wat deur veranderings aan u toestel se komponente geïnisieer word), kan die sagteware moontlik vasstel of die geïnstalleerde sagteware oneg of onbehoorlik gelisensieer is, en of dit ongemagtigde veranderings bevat. Indien aktivering misluk, sal die sagteware poog om sake reg te stel deur enige Microsoft-sagteware waarmee daar gepeuter is met egte Microsoft-sagteware te vervang. U kan moontlik ook aanmanings ontvang om 'n behoorlike lisensie vir die sagteware aan te skaf. Suksesvolle aktivering bevestig nie dat die sagteware eg of behoorlike gelisensieer is nie. U mag nie aktivering oorslaan of omseil nie. Raadpleeg (aka.ms/genuine) om te help vasstel of u sagteware eg en u behoorlik gelisensieer is. Sekere bywerkings, steun en ander dienste is moontlik net vir gebruikers van egte Microsoft-sagteware beskore.

6. **Bywerkings.** Die sagtewaresoek van tyd tot tyd na stelsel- en toepassingbywerkings, laai dit af en installeer dit vir u. U mag slegs by Microsoft of Microsoft-gemagtigde bronne bywerkings kry; Microsoft sal moontlik u stelsel moet bywerk om daardie bywerkings vir u te gee. Deur hierdie ooreenkoms te aanvaar, stem u in om hierdie soort outomatiese bywerkings sonder enige bykomende kennisgewing te ontvang.

7. **Afgradering van Regte.** Indien u 'n toestel by 'n vervaardiger of installeerder verkry het met 'n weergawe van Windows Professional vooraf daarop geïnstalleer, mag u Windows 8.1 Pro of Windows 7 Professional gebruik, maar slegs terwyl Microsoft steun vir daardie ouer weergawe verskaf soos in (aka.ms/windowslifecycle) uiteengesit word. Hierdie ooreenkoms geld vir u gebruik van die voorafgaande weergawes. Indien die voorafgaande weergawe verskillende komponente insluit, geld enige bepalings vir daardie komponente in die ooreenkoms wat die voorafgaande weergawe vergesel, vir u gebruik van sodanige komponente. Nóg die vervaardiger of installeerder, nóg Microsoft is verplig om voorafgaande weergawes aan u te verskaf. U moet die ouer weergawe apart bekom en sal dalk daarvoor moet betaal. U kan 'n ouer weergawe te eniger tyd met die weergawe vervang wat u oorspronklik aangeskaf het.

8. **Geografiese en Uitvoerbeperkings.** Indien die gebruik van u sagteware tot 'n spesifieke geografiese streek beperk word, mag u die sagteware slegs in daardie streek aktiveer. U

moet ook alle binnelandse en internasionale uitvoerwette en -regulasies nakom wat vir die sagteware geld, wat beperkings op bestemmings, eindgebruikers en eindgebruik insluit. Besoek (aka.ms/georestrict) en (aka.ms/exporting) vir verdere inligting oor geografiese en uitvoerbeperkings.

**9. Steun- en terugbetalingsprosedures.**

a. **Vir sagteware wat vooraf op ‘n toestel geïnstalleer is.** Kontak die toestelvervaardiger of -installeerder vir steunopsies wat die sagteware in die algemeen betref. Verwys na die steunnommer wat saam met die sagteware voorsien is. Wat bywerkings en aanvullings betref wat by Microsoft self verkry is, kan Microsoft moontlik beperkte steundienste bied vir behoorlik gelisensieerde sagteware, soos omskryf by (aka.ms/mssupport). Indien u ‘n terugbetaling wil hê, kontak die vervaardiger of installeerder om te hoor wat hulle terugbetalingsbeleid is. U moet daardie beleid nakom, wat moontlik kan behels dat u die sagteware saam met die hele toestel waarop dit geïnstalleer is, moet teruggee vir terugbetaling.

b. **Vir sagteware wat by ‘n kleinhandelaar aangeskaf is.** Microsoft verskaf beperkte steundienste vir behoorlik gelisensieerde sagteware, soos omskryf by (aka.ms/mssupport). Indien u die sagteware by ‘n kleinhandelaar gekoop het, ‘n terugbetaling wil hê en dit nie kry waar u die sagteware aangeskaf het nie, kontak Microsoft vir meer inligting oor Microsoft se terugbetalingsbeleid. Raadpleeg (aka.ms/msoffices), skakel (800) MICROSOFT indien u in Noord-Amerika is, of raadpleeg (aka.ms/nareturns).

**10. Bindende Arbitrasie en Klasaksie-kwytskelding indien u in die Verenigde State van Amerika woon (of as u hoof- sakeadres daar is).**

Ons vertrou dat daar nooit ‘n dispuut sal ontwikkel nie, maar as dit gebeur, stem ons en u in om 60 dae lank te probeer om dit informeel op te los. As dit nie gebeur nie, stem ons en u in tot **bindende individuele arbitrasie voor die Amerikaanse Arbitrasievereniging („AAA”) ingevolge die Federale Wet op Arbitrasie („FAA”), en om nie ‘n eis voor ‘n regter of ‘n jurie te bring nie**. ‘n Neutrale arbiter sal uitspraak lewer, welke uitspraak finaal geag sal word, buiten ‘n beperkte reg op appèl ingevolge die FAA. **Klasaksie-hofsake, klaswye arbitrasies, private optrede deur die prokureur-generaal en enige ander verrigtinge waar iemand in ‘n verteenwoordige hoedanigheid optree, is verbode. Dieselfde geld vir die kombinering van individuele verrigtinge sonder die toestemming van al die partye.** „Ons” sluit Microsoft, die toestelvervaardiger en die sagteware-installeerder in.

a. **Dispute wat gedek word – alles behalwe Intellektuele Eiendom.** Die term „dispuut” word in die breedste moontlike sin van die woord gebruik. Dit sluit enige eis of meningsverskil tussen u en die vervaardiger of installeerder, of tussen u en Microsoft oor die sagteware, die prys daarvan of hierdie ooreenkoms ingevolge enige wetlike teorie – insluitend kontrak, waarborg, delik, statuut of regulasie – in, **behalwe dispute wat te doen het met die afdwing of geldigheid van u, u lisensiegewer, ons of ons lisensiegewers se intellektuele eiendomsregte**.

b. **Pos eers ‘nKennisgewing van Dispuut.** Indien u ‘n dispuut het en ons klantediensverteenwoordigers dit nie kan oplos nie, stuur ‘n Kennisgewing van Dispuut

per VSA-posdiens na die vervaardiger of installeerder, ATTN: LEGAL DEPARTMENT. Indien u 'n dispuut met Microsoft het, pos dit aan Microsoft Corporation, ATTN: LCA ARBITRATION, One Microsoft Way, Redmond, WA 98052-6399. Verstrek u naam, adres, u kontakbesonderhede, wat die probleem is en wat u verlang. 'n Vorm is by (aka.ms/disputeform) beskikbaar. Ons sal dieselfde doen as ons 'n dispuut met u verklaar. Ons of u kan ná 60 dae met arbitrasie begin indien die dispuut onopgelos bly.

c. **Hof vir Klein Eise-opsie.** Indien u aan die hof se vereistes voldoen, kan u ons dagvaar in die Hof vir Klein Eise in die distrik waar u woon (of die distrik waar u hoof- sakeadres is, as dit 'n sakeonderneming is) of, indien u 'n dispuut met Microsoft wil verklaar, in King County, Washington VSA (ons hoof- sakeadres) in plaas daarvan om 'n Kennisgewing van Dispuut te pos. Ons hoop u sal vir ons 'n Kennisgewing van Dispuut pos en ons 60 dae gun om die geskil te probeer besleg, maar u hoef dit nie te doen voordat u na die Hof vir Klein Eise gaan nie.

d. **Arbitrasieprosedure.** Die AAA sal enige arbitrasie ingevolge hulle Reëls vir Handelsarbitrasie hanteer (indien u 'n individu is en die sagteware vir persoonlike of huishoudelike gebruik aanwend, of as die waarde van die dispuut VSA $75 000 of minder is, ongeag of u 'n individu is en hoe u die sagteware aanwend, sal hulle die Reëls vir Verbruikersarbitrasie gebruik). Raadpleeg (aka.ms/adr) of skakel 1-800-778-7879 vir meer inligting. Om arbitrasie te inisieer, stuur die vorm wat beskikbaar is by (aka.ms/arbitration) aan die AAA; pos 'n afskrif aan die vervaardiger of installeerder (of aan Microsoft as u 'n dispuut met Microsoft wil verklaar). Indien die dispuut VSA $25 000 of minder behels, sal die verhoor telefonies plaasvind, tensy die arbiter goeie rede het om te eis dat die partye self teenwoordig is. Enige verhoor met die partye self sal in die distrik waar u woon (of die distrik waar u hoof- sakeadres is, as dit 'n sakeonderneming is) gehou word, of by ons hoof- sakeadres – King County, Washington – indien u 'n dispuut met Microsoft verklaar. U kan kies. Die arbiter kan dieselfde skadevergoeding aan u individueel toeken as wat 'n hof kan. Die arbiter kan slegs verklarende of geregtelike vergoeding aan u individueel toeken om u individuele eis te skik.

e. **Arbitrasiefooie en -betalings.**

(i) **Dispute wat VSA $75 000 of minder behels.** Die vervaardiger of installeerder (of Microsoft, indien u dispuut met Microsoft is) sal u indieningsgelde onmiddellik terugbetaal en die AAA en arbiter se gelde en onkoste betaal. Indien u die laaste skriftelike skikkingsaanbod verwerp wat voor die arbiter se aanstelling gemaak word, neem die dispuut sy loop tot by die arbiter se besluit (ook bekend as 'n „toekenning"). Indien die arbiter meer as die laaste skriftelike aanbod aan u toeken, sal die vervaardiger of installeerder (of Microsoft, indien u dispuut met Microsoft is): (1) die toekenning of VSA $1 000 aan u betaal, wat ook al die meeste is; (2) u regskoste, indien enige, binne redelike perke betaal; en (3) enige onkoste betaal (insluitend spesialisgetuies se fooie en onkoste) wat u prokureur redelikerwys aangaan om u arbitrasie-eis te ondersoek, voor te berei en te stel. Die arbiter sal die bedrae bepaal, tensy ons en u daaroor saamstem.

(ii) **Dispute wat meer as VSA $75 000 behels.** Die betaling van indienfooie en die AAA en die arbiter se fooie en onkoste sal deur die AAA-reëls bepaal word.

(iii) **Dispute wat enige bedrag behels.** As u arbitrasie inisieer, sal ons nie die AAA of arbiter se fooie en onkoste, of die indienfooie wat ons terugbetaal het, terugeis nie, tensy die arbiter die arbitrasie nietig of twyfelagtig verklaar. As ons arbitrasie inisieer, sal ons al die indienkoste, die AAA en die arbiter se fooie en onkoste betaal. Ons sal nie tydens enige arbitrasie ons prokureur se fooie of onkoste van u terugeis nie. Fooie en onkoste word nie bereken om te bepaal hoeveel by 'n dispuut betrokke is nie.

**f.** **Moet binne een jaar indien.** Ons en u moet enige eis in die Hof vir Klein Eise indien of laat arbitreer (behalwe dispute oor intellektuele eiendom – raadpleeg Afdeling 10.a) binne een jaar vanaf die datum waarop dit die eerste keer ingedien kan word. So nie, word dit permanent uitgesluit.

**g.** **Skeibaarheid.** Indien daar gevind word dat die klasaksie-kwytskelding van die dispuut in die geheel of gedeeltelik onwettig of onafdwingbaar is, sal die betrokke dele nie gearbitreer word nie, maar in die hof voortgaan; die res sal gearbitreer word. Indien daar gevind word dat enige ander bepaling in Afdeling 10 onwettig of onafdwingbaar is, sal daardie bepaling geskei word, maar die res van Afdeling 10 sal nog geld.

**h.** **Botsing met AAA-reëls.** Hierdie ooreenkoms geld indien dit bots met die AAA se Kommersiële Arbitrasiereëls of Verbruikersarbitrasiereëls.

**i.** **Microsoft as party of derdepartybegunstigde.** Indien Microsoft die toestelvervaardiger is, of as u die sagteware by 'n kleinhandelaar aangeskaf het, is Microsoft deel van hierdie ooreenkoms. Indien nie, is Microsoft nie 'n party nie, maar 'n derdepartybegunstigde van u ooreenkoms met die vervaardiger of installeerder om dispute te besleg deur informele onderhandeling en arbitrasie.

**11.** **Heersende Wet.** Die wette van die deelstaat of land waar u woon (of waar u hoofsakeadres is, indien 'n sakeonderneming), geld vir alle eise en dispute oor die sagteware, die prys daarvan of hierdie ooreenkoms, insluitend eise vir kontrakbreuk en eise ingevolge wette vir die beskerming van verbruikers, wette oor onbillike mededinging, geïmpliseerde waarborgwette, vir onregmatige verryking, asook delikte, ongeag botsende regsbeginsels. In die Verenigde State van Amerika reguleer die FAA alle bepalings rakende arbitrasie.

**12.** **Verbruikersregte, Streeksvariasies.** Hierdie ooreenkoms omskryf sekere wetlike regte. U het moontlik ander regte, insluitend verbruikersregte, ingevolge die wette van u staat of land. U het moontlik ook regte ten opsigte van die party by wie u die sagteware aangeskaf het. Hierdie ooreenkoms wysig nie daardie ander regte indien die wette van u deelstaat of land dit nie toelaat om dit te doen nie. Byvoorbeeld, indien u die sagteware in een van die streke hieronder aangeskaf het of indien verpligte nasionale wetgewing geld, geld die volgende klousules vir u:

**a.** **Australië.** Verwysings na „Beperkte Waarborg" is verwysings na die uitdruklike waarborg wat deur Microsoft, die vervaardiger of installeerder verskaf word. Hierdie waarborg word gegee bykomend tot ander regte en verhalings wat u ingevolge

wetgewing kan hê, insluitend u regte en verhalings volgens statutêre waarborge kragtens die Australiese Verbruikerswet.

„Goedere” in hierdie afdeling verwys na die sagteware waarvoor Microsoft of die vervaardiger of installeerder die uitdruklike waarborg verskaf. Ons goedere het waarborge wat kragtens die Australiese Verbruikerswet nie uitgesluit kan word nie. U is geregtig op ‘n plaasvervanger of terugbetaling vir ‘n groot fout, en vergoeding vir enige ander redelik voorsienbare verlies of skade. U is ook daarop geregtig dat goedere herstel of vervang moet word indien die goedere se gehalte nie aanvaarbaar is nie, en die fout nie ‘n groot fout blyk te wees nie.

**b.** **Kanada.** U kan ophou om bywerkings op u toestel te ontvang deur internettoegang af te skakel. As en wanneer u weer aan die internet koppel, sal die sagteware voortgaan om bywerkings te soek en te installeer.

**c.** **Europese Unie.** Die beperking op akademiese gebruik in Afdeling 13.d(i) hier onder geld nie in die jurisdiksies wat op die volgende werf gelys word nie: (aka.ms/academicuse).

**d.** **Duitsland en Oostenryk.**

(i) **Waarborg.** Behoorlik gelisensieerde sagteware sal wesenlik presteer soos enige Microsoft-materiaal wat die sagteware vergesel, omskryf. Die vervaardiger of installeerder en Microsoft lewer egter geen kontraktuele waarborg ten opsigte van die gelisensieerde sagteware nie.

(ii) **Beperking van Aanspreeklikheid.** In geval van opsetlike gedrag, ernstige nalatigheid, eise wat op die Wet op Produkaanspreeklikheid gegrond is, asook in geval van sterfte of fisiese besering, is die vervaardiger of installeerder, of Microsoft, aanspreeklik volgens die statutêre wetgewing.

Onderhewig aan die voorafgaande sin, sal die vervaardiger of installeerder, of Microsoft, slegs aanspreeklik wees vir mindere nalatigheid indien die vervaardiger of installeerder, of Microsoft, sodanige wesenlike kontraktuele verpligtinge verbreek wat die behoorlike uitvoering van hierdie ooreenkoms moontlik maak as dit nagekom word, of die doel van hierdie ooreenkoms en die nakoming wat konstante vertroue skep (sogenaamde „kardinale verpligtinge”) in gevaar stel as dit verbreek word. In ander gevalle van mindere nalatigheid, sal die vervaardiger of installeerder of Microsoft nie aanspreeklik wees vir mindere nalatigheid nie.

**e.** **Ander streke.** Raadpleeg (aka.ms/variations) vir ‘n bygewerkte lys streekvariasies.

**13. Bykomende Kennisgewings.**

**a.** **Netwerke, data en internetgebruik.** Party kenmerke van die sagteware en dienste waartoe die sagteware toegang verleen, kan vereis dat u toestel toegang tot die internet het. U toegang en gebruik (fooie ingesluit) kan onderhewig wees aan die bepalings van u sellulêre of internetdiensverskaffer-ooreenkoms. Sekere kenmerke van die sagteware kan u dalk help om doeltreffender toegang tot die internet te kry, maar die sagteware se gebruiksberekeninge kan verskil van u diensverskaffer se metings. U is

altyd verantwoordelik vir (i) begrip en nakoming van die bepalings van u eie planne en ooreenkomste, en (ii) enige kwessies wat ontstaan as gevolg van netwerkgebruik of -toegang, insluitend openbare/oop netwerke. U mag die sagteware slegs gebruik om aan netwerke te koppel en om inligting oor daardie netwerke te deel indien u toestemming het om dit te doen.

b. **H.264/AVC- en MPEG-4-visuele standaarde en VC-1-videostandaarde.** Die sagteware kan moontlik H.264/MPEG-4 AVC- en/of VC-1-dekoderingstegnologie insluit. MPEG LA, L.L.C. vereis hierdie kennisgewing:

HIERDIE PRODUK IS GELISENSIEER KRAGTENS DIE AVC-, DIE VC-1- EN DIE MPEG-4 DEEL 2-VISUELE PATENTPORTEFEULJELISENSIES VIR DIE PERSOONLIKE EN NIEKOMMERSIËLE GEBRUIK VAN 'N VERBRUIKER OM (i) VIDEO IN OOREENSTEMMING MET DIE BOGENOEMDE STANDAARDE („VIDEOSTANDAARDE") TE ENKODEER EN/OF (ii) AVC-, VC-1- EN MPEG-4 DEEL 2-VIDEO TE DEKODEER WAT DEUR 'N VERBRUIKER AS DEEL VAN 'N PERSOONLIKE EN NIEKOMMERSIËLE AKTIWITEIT GEËNKODEER IS, EN/OF WAT VAN 'N VIDEOVERSKAFFER VERKRY IS WAT GELISENSIEER IS OM SODANIGE VIDEO TE VERSKAF. GEEN LISENSIE WORD UITGEREIK OF MOET GEÏMPLISEER WORD VIR ENIGE ANDER DOEL NIE. BYKOMENDE INLIGTING KAN VERKRY WORD BY MPEG LA, L.L.C. RAADPLEEG (AKA.MS/MPEGLA).

c. **Beskerming teen wanware.** Microsoft is gesteld daarop om u toestel teen wanware te beskerm. Die sagteware sal beskerming teen wanware aanskakel as ander beskerming ontbreek of verstryk het. Om dit te doen, sal ander teen-wanware-sagteware moontlik gesper of verwyder moet word.

d. **Weergawesmet beperkte regte.** Indien die sagteware-weergawe wat u aangeskaf het, gemerk is of vir spesifieke of beperkte gebruik geoormerk is, mag u dit slegs gebruik soos voorgeskryf. U mag nie sulke weergawes van die sagteware gebruik vir handel, doeleindes sonder winsbejag of inkomste-genererende aktiwiteite nie.

(i) **Akademies.** Akademiese gebruik is slegs vir huidige studente, lektore of ander personeel van 'n onderwysinstelling.

(ii) **Evaluasie.** U mag nie sagteware vir evaluasie (toets- of demonstrasiedoeleindes) verkoop, dit in 'n werkende bedryfsomgewing aanwend of dit ná die evaluasietydperk gebruik nie. Ondanks enige strydige bepalinge in hierdie ooreenkoms, **word evaluasiesagteware „VOETSTOOTS" verskaf en geen waarborg, geïmpliseerd of uitdruklik (insluitend die beperkte waarborg), is van toepassing op hierdie weergawes nie**.

(iii) **NFR.** U mag nie sagteware verkoop wat „NFR" („Not For Resale"/Nie Vir Herverkoop) gemerk is nie.

(iv) **Voorskou.** U kan kies om voorskou-, binnekring-, beta- of ander voorbekendstelling-weergawes van die sagteware („voorskoue") te gebruik wat Microsoft dalk sal beskikbaar stel. U kan voorskoue slegs tot en met die sagteware se vervaldatum gebruik en slegs terwyl u al die bepalings van hierdie ooreenkoms nakom. Voorskoue is eksperimenteel en kan aansienlik verskil van die weergawe

wat kommersieel vrygestel word. Ondanks enige strydige bepalinge in hierdie ooreenkoms, **word voorskoue „VOETSTOOTS" verskaf, en geen waarborg, geïmpliseerd of uitdruklik (insluitend die beperkte waarborg), is van toepassing op hierdie weergawes nie**. **Deur voorskoue op u toestel te installeer, kan daar 'n impak op u toestelwaarborg wees of kan u die waarborg nietig maak en sal u dalk nie geregtig wees op ondersteuning deur die vervaardiger van u toestel of netwerkoperateur nie, indien van toepassing**. Microsoft is nie verantwoordelik vir enige skade wat daardeur aan u veroorsaak word nie. Microsoft kan moontlik nie steundienste vir voorskoue verskaf nie. Indien u Microsoft-kommentaar, -voorstelle of ander terugvoer oor die voorskou verskaf („indiening"), verleen u aan Microsoft en sy vennote regte om die indiening op enige manier en vir enige doeleinde te gebruik.

**14. Hele Ooreenkoms.** Hierdie ooreenkoms (tesame met die gedrukte lisensiebepalings of ander bepalings wat ingesluit is by enige sagteware-aanvullings, bywerkings en dienste wat deur die vervaardiger of installeerder, of Microsoft, voorsien en deur u gebruik word), en die bepalings wat in webskakels bevat word wat in hierdie ooreenkoms gelys is, is die volledige ooreenkoms vir die sagteware en enige sodanige aanvullings, bywerkings en dienste (tensy die vervaardiger of installeerder, of Microsoft, ander bepalings saam met sodanige aanvullings, bywerkings of dienste verskaf). U kan hierdie ooreenkoms nagaan nadat u sagteware werk, deur (aka.ms/useterms) te besoek, of in die sagteware te gaan na Instellings - Stelsel - Aangaande. U kan ook die bepalings by enige van die skakels in hierdie ooreenkoms nagaan deur die URLs in 'n webblaaier se adresbalk in te tik, en u stem in om dit te doen. U stem in dat u die bepalings, insluitend enige gekoppelde bepalings, sal lees voordat u die sagteware of dienste gebruik. U verstaan dat u die ooreenkoms en die gekoppelde bepalings bekragtig deur die sagteware en dienste te gebruik. Daar is ook inligtingskakels in hierdie ooreenkoms. Die skakels wat kennisgewings en bindende bepalings bevat, is:

- Microsoft-privaatheidsverklaring (aka.ms/privacy)
- Microsoft-diensooreenkoms (aka.ms/msa)
- Lisensiebepalings van Adobe Flash Player (aka.ms/adobeflash)

**********************************************************************

**<u>GEEN WAARBORG NIE</u>**

DIE SAGTEWARE OP U TOESTEL (WAARONDER DIE TOEPASSINGS) IS „VOETSTOOTS" GELISENSIEER. IN DIE MAKSIMUM MATE WAT U PLAASLIKE WETTE DIT TOELAAT, DRA U DIE HELE RISIKO MET BETREKKING TOT DIE GEHALTE EN VERRIGTING VAN DIE SAGTEWARE. INDIEN DIT BLYK DAT DIT FOUTIEF IS, AANVAAR U DIE VOLLE KOSTE VIR ALLE DIENS- OF HERSTELWERK. NIE DIE VERVAARDIGER VAN DIE TOESTEL, OF MICROSOFT, LEWER ENIGE UITDRUKLIKE WAARBORGE OF VOORWAARDES VIR DIE SAGTEWARE NIE. IN DIE MATE WAARTOE U PLAASLIKE WETTE DIT TOELAAT, SLUIT DIE VERVAARDIGER EN MICROSOFT ALLE STILSWYENDE WAARBORGE EN VOORWAARDES UIT, WAARONDER DIÉ VAN VERHANDELBAARHEID, GEHALTE, GESKIKTHEID VIR 'N SPESIFIEKE DOEL EN NIE-INBREUKMAKING. U KAN MOONTLIK INGEVOLGE PLAASLIKE WETTE

BYKOMENDE VERBRUIKERSREGTE OF STATUTÊRE WAARBORGE HÊ WAT HIERDIE BEPALINGS NIE KAN VERANDER NIE.

INDIEN U PLAASLIKE WETTE VIR ‘N WAARBORG OF VOORWAARDE VOORSIENING MAAK, SELFS AL DOEN HIERDIE OOREENKOMS DIT NIE, IS DIE TERMYN DAARVAN TOT 90 DAE BEPERK VAN WANNEER DIE EERSTE GEBRUIKER DIE SAGTEWARE VERKRY. INDIEN DIE VERVAARDIGER OF MICROSOFT SO ‘N WAARBORG OF VOORWAARDE VERBREEK, IS U ENIGSTE TOEVLUG – VOLGENS DIE KEUSE VAN DIE VERVAARDIGER OF MICROSOFT – (I) DIE GRATIS HERSTEL OF VERVANGING VAN DIE SAGTEWARE OF (II) DIE TERUGGEE VAN DIE SAGTEWARE (OF INDIEN GEKIES WORD DIE TOESTEL WAAROP DIE SAGTEWARE GEÏNSTALLEER IS) VIR ‘N TERUGBETALING VAN DIE BEDRAG WAT BETAAL IS, INDIEN ENIGE. DIT IS U ENIGSTE TOEVLUGTE VIR DIE VERBREKING VAN ‘N WAARBORG OF VOORWAARDE WAARVOOR U PLAASLIKE WETTE VOORSIENING MAAK.

IN DIE MATE WAARIN DIT NIE DEUR U PLAASLIKE WETTE VERBIED WORD NIE, INDIEN U ENIGE GRONDE VIR SKADEVERGOEDING HET, KAN U SLEGS DIREKTE SKADEVERGOEDING VAN DIE VERVAARDIGER OF MICROSOFT VERHAAL MINDER OF GELYK AAN DIE BEDRAG WAT U VIR DIE SAGTEWARE BETAAL HET (OF TOT 50 AMERIKAANSE DOLLAR INDIEN U DIE SAGTEWARE GRATIS VERKRY HET). U MAG NIE INGEVOLGE ENIGE DEEL VAN HIERDIE OOREENKOMS OF INGEVOLGE ENIGE ANDER TEORIE, EN U DOEN AFSTAND AAN ENIGE REG DAARTOE, SKADEVERGOEDING OF TOEVLUG EIS VIR ENIGE ANDER SKADE NIE, WAARONDER VERLORE WINS EN DIREKTE, VOORTVLOEIENDE, SPESIALE, INDIREKTE OF ONVOORSIENE SKADE. HIERDIE BEPERKING GELD VIR (I) ENIGIETS MET BETREKKING TOT HIERDIE OOREENKOMS, DIE SAGTEWARE (WAARONDER DIE TOEPASSINGS), DIE TOESTEL, DIENSTE, KORRUPSIE OF VERLIES VAN DATA, MISLUKKING IN DIE OORDRAG OF ONTVANGS VAN DATA, INHOUD (WAARONDER KODE) OP INTERNETWEBWERWE VAN DERDE PARTYE OF DERDEPARTYPROGRAMME, EN (II) EISE VIR KONTRAK-, WAARBORG- OF VOORWAARDEBREUK; STRENG AANSPREEKLIKHEID, NALATIGHEID OF ANDER DELIK; OORTREDING VAN ‘N STATUUT OF REGULASIE; ONREGMATIGE VERRYKING; OF INGEVOLGE ENIGE ANDER TEORIE.

DIE UITSLUITINGS OOR SKADE EN BEPERKINGS OP TOEVLUGTE IN HIERDIE OOREENKOMS GELD SELFS INDIEN U GEEN TOEVLUG HET NIE (DIE SAGTEWARE IS „VOETSTOOTS” GELISENSIEER), INDIEN HERSTELWERK, VERVANGING OF ‘N TERUGBETALING (INDIEN DEUR U PLAASLIKE WETGEWING VEREIS) U NIE TEN VOLLE VERGOED VIR ENIGE VERLIESE NIE, INDIEN DIE VERVAARDIGER OF MICROSOFT VAN DIE MOONTLIKHEID VAN DIE SKADE GEWEET OF MOES GEWEET HET, OF INDIEN DIE TOEVLUG IN SY KERNDOEL MISLUK.

Kontroleer met die vervaardiger van u toestel om vas te stel of u toestel deur ‘n waarborg gedek word.